# PRINCE ALBERT

## Munisipaliteit • Umasipala • Municipality

Physical Address: 1 Adderley Street PRINCE ALBERT 6930
Posbus / Ibokisis yeposi / Private Bag X53 PRINCE ALBERT 6930
Tel. Nr. / Imfonomfono / Tel. No.: +27 (0) 23 541 1320 Faks / I-fax / Fax: +27 (0) 23 541 1321
Website / Webwerf: www.pamun.gov.za E-mail:adminklerk@pamun.gov.za

**KENNISGEWING 68/2026**

**UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE VASTE BATES IN LEEU-GAMKA**

Kennis geskied hiermee dat die Raad van die Prins Albert Plaaslike Munisipaliteit 'n openbare deelnameproses gemagtig het vir die vervreemding van munisipale vaste bates in Leeu-Gamka, ingevolge die Regulasies op die Oordrag van Bate.

Die publiek word hiermee uitgenooi om skriftelike kommentaar, insette en besware oor die voorgestelde vervreemding van munisipale vaste bates in te dien. Enige persoon wat nie in staat is om skriftelike kommentaar te lewer nie, kan die munisipale kantore binne die groter munisipale gebied besoek waar bystand verleen sal word.

Alle kommentaar en vertoë wat ontvang word, sal oorweeg word tydens die finalisering van die vervreemding van munisipale vaste bates vir voorlegging aan die Raad.

'n Elektroniese kopie van die dokumentasie (item, inligtingverklaring, en kaart) is beskikbaar op die munisipale webwerf by https://www.pamun.gov.za/notices/notice-68-2026-disposal-of-municipal-fixed-assets-in-leeu-gamka

**Let asseblief op die volgende:**

- Skriftelike kommentaar moet duidelik gemerk word "**Vervreemding van Munisipale Vaste Bates in Leeu-Gamka**" en aan die Munisipale Bestuurder gerig word.
- E-posvoorleggings moet gestuur word aan die Rekordsafdeling by rekords@pamun.gov.za.
- Kommentaar kan ook gepos word na:
  1 Adderleystraat, Prins Albert, 6930 of Privaatsak X53, Prins Albert, 6930

**Sluitingsdatum vir indiening:** Dinsdag, 30 Junie 2026

**ADV. M GILIOMEE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**Datum gepubliseer: 23 April 2026**